

28 September

Skrifgedeelte: Johannes 6:1-21

Jesus voed en red

Johannes het sy evangelie later as die eerste drie geskryf. Hy veronderstel kennis van die ander evangelies by sy lesers, want hy slaan van die geskiedenis dele oor. Meer mense as Jode lees ook sy evangelie. Daarom sy verwysing na Tiberias (vir Griekse lesers). Hoofstuk 6 beskryf waarskynlik die gebeure in die lente (April) van die jaar voor Jesus se kruisiging. Johannes is die enigste van die vier evangeliste wat dit vermeld. Jesus kry die herderlose skare jammer en Hy voed hulle deur 'n wonder te doen. Hulle is so opgewonde oor die "broodkoning" dat hulle Hom met geweld wil koning maak. Hy sal hulle dan as die Profeet (Deut 18:15) – só meen hulle – van die Romeine verlos.

Beland ons nie ook soms in die versoeking om Jesus aan te hang net vir aardse belange nie? Ons is liever vir goud as vir genade. Ons bid baie meer vir kos as vir die koninkryk. Jesus gaan hoër die berg op om te bid, terwyl sy dissipels begin oorvaar na die oorkant van die see. Die twee wonders in die natuur, die storm wat bedaar en die skuit wat van die middel van die see af veilig by die land aankom, leer die dissipels om niks te vrees as Jesus by hulle is nie. Ook vandag voed en red die Here ons in ons tydelike lewe. Maar Hy doen veel meer. Ons Verlosser is steeds almagtig. Hy dra sy kerk tot in die ewige lewe. Roem Hom, prys sy Naam!

Sing: Psalm 104:17,20

Ds J Venter (Emeritus)